Lewenslank

met

Charolais

1. DW du Preez - Langverwyl Charolais Stoetery1983
2. Royal Show 1985: Reserve Senior & Junior Champion
3. Charolais Wêreld Konferensie 1976: Vera Johns (Mej SA), H. Schoeman (Minister van Landbou), D. du Preez (President van die Charolais Beestelersgenootskap)
4. Bruce & Sidney Hunt - Hunt Charolais Stud
5. 1984 Randse Skou: Tevrede met die beoordeling VLNR: Dr. N. Schutte, H. Bonarius, E. Penning & M. Bonarius
6. Dennis van Abo langs 'n lewensgroot Charolais bul by die Charolais Uitstalling by Nampo1981
7. 1993 - Arno Strydom

Gedurende 1973, het pa Joggie gesê ek moet saam met hom ry. Ons gaan ‘n bietjie by oom Willy Greenblatt kuier en na sy beeste kyk, het hy gesê. Min wetende dat dit my eerste blootstelling gaan wees aan ‘wit beeste’, het ek saamgery, meerendeels vir geselskap. Dit was `n geil jaar en alles was in oorvloed by oom Willy – gras, mielies,vet koeie met sulke geel kalwers wat ver bo die ander uitgetroon het met die grootste agterstewes en groei wat ek nog ooit gesien het (dis nou in vergelyking met die ander kruiskalwers in die trop). By verdere navraag sê oom Willy dit is Charolais kalwers. Só het `n verbintenis van oor die 32 jaar ontstaan met nie net Charolais nie, maar ook met mense wat dieselfde liefde en lojaliteit vir hierdie Franse ras gekoester het.

Gedurende April 1974, doen ‘n geleentheid hom voor om Charolais in die hande te kry. Hierdie kudde het diere ingesluit van die Percy Armstrong-kudde van Warmbad. Ek het ook maar my vingers in die begin stadium verbrand omdat `n ou ook nie van beter weet nie. Hier wil ek sommer nou reguit aan enige voornemende stoetteler gesonde advies gee: Maak kontak met die Genootskap en `n paar gerekende telers wat al deur die spreekwoordelike meule is. Moet ook nie dink jy ‘ken’ `n bees nie. Laat hy/hulle vir jou `n mentor wees, anders gaan jy beeste koop wat die ander ou nie meer in sy kudde wil hê nie. Hulle advies en ervaring sal jou op die lang termyn baie skoolgeld bespaar, want maanskyn en rose is dit nie elke dag nie.

Skoolgeld het ek in oorvloed betaal. Kom laat ek eerlik wees: Tydens my eerste kalfseisoen het ek ongeveer 11 kalwers as gevolg van moeilike kalwings verloor en twee koeie weens keisersneë. Die veearts het nie daarvan gehou dat ek hom Oukersaand histeries bel en sê hy moet kom help nie.

As dit nie was vir manne soos dr. Ben le Grange en oom Danie du Preez nie, het ons seker die hele klomp uitgeslag en met mowwe geboer. Ek het 911 gebel en Dokter Ben het `n hele Saterdag by my op die plaas deurgebring, en my meer geleer van `n bees se vreetkant en skeetkant – kosteloos. Ons het albei plat op ons sterte tussen die beeste gesit dit alles terwyl hy elke een se goeie en slegte hoedanighede met my bespreek het. Dit help nogal as jy weet waarna om te kyk én om dit in woorde te kan stel. Dokter Ben en oom Danie het my ook baie ondersteun en aangemoedig om beoordelaarskursusse by te woon om sodoende my kennis oor die ras uit te brei. Oom Danie het altyd vir my gesê om aan `n dier te vat as iets my van hom of haar in die ring hinder. Jy kom dan dinge agter soos `n gladde tong, ‘n stywe vel en breedte deur die boeg. Oom Danie is ook sover ek weet, die enigste Lewenslange Ere-Vise-President van die Genootskap. Dit is juis hier waar my paadjie ook vroeg al met ouens soos Martin Seyfferdt en Schullie Schullenburg gekruis het in die stoetbedryf. Hiervoor is ek baie dankbaar.

Stoetveedienste het in daardie tyd die administrasie vir verskeie rasgenootskappe gehanteer. Twee persone wat hier reuse werk gedoen het, was oom Doepie (P.J) du Plessis en Lettie Kruger. Daar was nie rekenaars in daardie tyd nie en alles was handgeskrewe op `n stelsel wat oom Doep ontwerp het. Ek kan nie onthou dat ek ooit `n navraag gehad het met hulle administrasie nie, alhoewel hulle my `n hele paar keer uitgevang het met verkeerde inligting wat ek ingestuur het.

Elke Genootskap het eenmaal sy karakters wat vir die een of ander rede uitstaan. My eerste president was `n man met die naam Crawford von Abo. By `n vergadering of beoordelaarsring was hy altyd geklee in `n rooi baadjie en spierwit broek. Die eerste keer toe ek hom gesien het, het ek gedink hy is die bestuurder van die OK-winkels. Die "PRO" van die Genootskap was `n blondie met die naam Marlene Bonarius. 'n Mooi vrou, wat met beoordeling gewoonlik so `n nommertjie gedra het met `n spleet langs die kant. Sy het sommige beoordelaars skoon deurmekaar gehad; ek het ook maar gekoekeloer.

Oom Gert en tannie Hester van Rensburg van Frankfort was twee formidabele figure selfs die 'speedcops' van daardie omgewing was lugtig vir hulle! Ek ry een aand huis toe nadat daar `n baie 'suksesvolle' beoordelaarskursus by hulle gehou is. Net oor die brug is daar `n padblokkade en natuurlik skrik ek my boeglam want die kanse om te blaas was daar. Omdraai kon ek nie, want dan weet hulle dis nou die 'speedcops' daar is fout. Ek hou toe by die man stil en hy vra waar ek vandaan kom. Ek sê Gert van Oord se plaas. Sy reaksie was ongelooflik: "Asseblief, meneer, ry net: ek wil nie moeilikheid hê nie!"

Verskeie telers het deur die jare as President van die Genootskap gedien. Majoor Danie du Preez, Ben le Grange, Crawford von Abo, oom Japie Landman ('n paar keer), Hans Bonarius van Vaalview, Sidney Hunt, Ian Cole, Eloff Muller, Arno Strydom, Mike de Kock en Freddie Wasserfal.Ek het ook my beurt gehad. Dit is nog altyd `n ondankbare werkie wat groter is as wat mense werklik besef.

In die skouring was daar deur al die jare strawwe kompetisie met sekere telers wat werklik goeie diere geteel het. Vroeër jare was daar oom Frikkie Meyer se Annlin stoet, oom Johnny de Vos se Jodariet, die Doornkloof-kudde van Dokter Ben, voordat dit deel geword het van die Beeskor-kudde van Theuns Bester met oom Basie Jordaan as bestuurder. In hierdie kudde is daar uitsluitlik gebruik gemaak van KI ek het soms gedink dat oom Basie `n neus soos `n bul het, want hy het omtrent altyd geweet wanneer 'n koei op hitte is! Oom Gert, met sy bul La Rensa Opperman, en koei Dolly, het vir jare baie van ons gefrusteer op skoue totdat sy geklop is en oom Gert sy argwaan op die beoordelaar uithaal en vir hom toesnou: "Weet jy nie dis Dolly nie?" As ek reg onthou, was dit nog arme John Boulle en Johan Landman wat moes deurloop.



Utile - Senior & Groot Kampioen koei (Beeskor Stoetery) Pretoria Skou 1970



Anlin Damaskus - Senior & Groot Kampioen Bul (FA Meyer) Pretoria Skou 1970

Anamoon - Wenner in haar afdeling op New-castle Skou 1971 (JO Landman)

Jodariet Klokkie - Nasionale Groot Kampioen koei - Pretoria Skou 1973

Rensa Gerhard - Nasionale Junior Kampioen bul - Pretoria Skou 1973

Barceuse B17 - Senior & Grootkampioen koei (Randse Waterraad) Pretoria Skou 1972

Randwater Alexander Z - Senior & Groot Kampioen bul (Randse Waterraad) Pretoria Skou 1972



Beeskor Donna - Senior & Grootkampioen Koei (Beeskor Stoetery) Randse Skou 1974

Beeskor het ook vir jare die skoue oorheers aangesien dok Ben die teelbeleid geformuleer het. Hier en daar het ander telers soos die Steyls (Douw met die woeste baard en sy boetie Tinus), Hans Bonarius met sy bul Beeskor Danton, Ian Cole (Square Tee), Van Heerden en Loubser (Hagesdam), oom Gert Fourie (Pompidou) en die Hunts begin deurkom.

Op die Randse Skou kon die Charolais egter nooit die gesogte Goue Beker wen nie. Die naaste daaraan was eenkeer in die middel sestigerjare toe Amatola Co. in 1982 toe die naaswenner vir die Gold Cup was. Eers in die tagtigerjare, het oom Eddie Phenning van die Randse Waterraad (eenkeer - 1986) en Phlip Fouché (twee keer – in 1988 en 1990) die beker verower.

Maklik was dit ook nie, want gedurende die vroeë tagtigerjare, het die ras deur diep waters gegaan. Telers het besef dat daar `n teelbeleid gevestig moes word wat onder meer gemak van kalwing moes aanspreek, anders sou die ras nie in die kommersiële mark oorleef nie. Veral dr. Nico Schutte het hier `n groot rol gespeel met natuurlik die ondersteuning van die raad en al die telers.

Dit is juis in hierdie periode waar daar gebruik gemaak is van Amerikaanse bulle (General Lee, Super Sam, Summit, ens.) en Britse bulle (MMB Apollon, Tattenhall Impeccable, Fairthwaite Magic, Agha Khan, ens.). Telers soos Soetvelde Farms (Anglo American) het selfs `n bul van Frank Wesson ingevoer teen `n baie hoë prys - `n bul met die naam van WC Chinook 0130. Die gebruik van hierdie bulle van uiteenlopende aard het gesorg vir variasie binne die ras soos nog nooit gesien is nie. Genadiglik het party bulle baie vinniger gegaan as gekom. Bettie van der Merwe (kaalvoet op elke funksie) en oom Gert Fourie het onderskeidelik twee bulle vanuit Frankryk ingevoer, naamlik Bocage en Elleysee. Altwee hierdie bulle het `n positiewe bydrae gelewer om sekere hoedanighede in die nasionale kudde te verbeter.

Hierdie was ‘n ietwat onstabiele era maar stabiliteit het met verloop van tyd ingetree en daar het eweskielik `n klomp jong Turke op die voorgrond begin tree. Eloff Muller het met groot sukses Engelse bulle (Impeccable) op sy Franse lyne gebruik en baie goeie diere aan die mark voorsien. Ek kon hulle net nooit bekostig nie. Beeskor en die Randse Waterraad het na `n paar jaar se suksesse besluit om uit te verkoop,wat jammer was. In die Kaap en Natal, het ouens soos Graham Boonzaaier van Blaauwklippen, wat nie net beeste nie, maar ook glo vir Clive Marshall ingevoer het, en Rocky Rich sterk op die voorgrond begin tree. Dat Rocky op sy dag vir SA Skole rugby op vleuel gespeel het, met Danie Gerber as sy buitesenter het ondanks gerugte, niks met sy vermoë as beesteler te make gehad nie. Philip Fouché het ook sy bydrae gelewer in die ou Wes-Transvaal. Iewers moet daar natuurlik iemand met `n Joodse naam opduik wat die pot roer. Daardie persoon was

Selwyn Shewitz. Hy het die spreekwoordelike bul by die horings gegryp en verskeie diere ingevoer wat `n blywende rol in die Charolais en die Genootskap gespeel het.

In die beoordelaarsring het dit ook partykeer maar wild en rof gegaan. Aan humor het dit ook nie ontbreek nie. Die ‘ouer garde’ het `n manier gehad om na plasings ewe goedsmoeds in die ring in te loop en vir die beoordelaar, en wie ookal wat wil hoor, te vertel hoe hy nou eintlik die beeste moes geplaas het. Ek sal liewers swyg wie die voorbokke was. Verbeel jou, van die ouens kon nie verstaan dat Oubaas se 36 maande oue liefling versie darem al in kalf moes wees nie! Dan is hy baie kwaad as sy laaste staan. Genadiglik is daar op `n beoordelaarskonferensie by die Randse Waterraad, onder leiding van Nico Schutte, besluit om niemand meer in die ring toe te laat nie, behalwe dié wat daar hoort. My Vrystaatse vriende, wat “Ingels” sien as `n vreemde taal en nie `n tweede taal nie maak die lewe soms intressant. Ek beoordeel eendag op die Royal Show in Pietermaritzburg saam met Danie van Vrede. Kyk, die man het `n aanvoeling vir beeste, maar nie vir Engels nie. Hy sê toe vir my hy sal die kleinste klas bespreek liewe aarde, ek het nog nooit in my lewe so `n uitspraak gehoor nie! Gelukkig het almal dit in `n goeie gees aanvaar. Nodeloos om te sê, Danie het na die tyd en na `n paar doppe baie beter Engels begin praat.

Sidney Hunt vertel die storie van die Dexterbeoordelaar wat die vorige aand lekker met neef Bols en sy vriend Coke gekuier het. Die volgende oggend in die ring juis langs Sidney, probeer die ou toe na die Dexterversies se uiers kyk en daar slaan hy bolmakiesie! Dit het hom blykbaar `n rukkie geneem om regop en by te kom. Soms kan dit baie rof gaan eendag is ek amper geslaan omdat ek dit durf waag het om `n uitermate groot bul nêrens te plaas nie. Die oom sê toe hy wil my na die tyd agter die stalle sien. Nou kyk só dom is ek nie. Ek weet mos hy het twee regse seuns wat jus netnou soos donnerweer langs die ring geklink en te kere gegaan het. Gelukkig het Nico Schutte dieselfde met die bul gedoen op Pretoria se skou. Ek kon sien dat die manne daarna begin verstaan het wat ek vroeër in die jaar vir hulle probeer sê het. Hulle was toe ten minste net skaam-kwaad en nie meer net kwaad nie.

Word vervolg……

1984 Randse Skou - Telers in die ring VLNR: H. Bonarius, J. de Vos, M. Bonarius, S. Muller, C. Muller, G. Bonzaaier, F. Hart, E. Muller

1984 Randse Skou - VLNR: J. Vermooten, E. Muller, & D. Steyl gedurende beoordeling

VLNR: H. Strydom, E. Crouzer, S. Wasserfall, V. Botes, F. Wasserfall & G. Fourie

Groen is die land van Natal - Telingsdag by Rocky Rich - 1993